Woensdag Brief vir 17 Junie 2020

Gegroet vanuit die pastorie

Woensdae is gemerk op die gemeente se almanak as die dag vir groter betrokkenheid en wyer denke soos byvoorbeeld kuier geleenthede in kleingroepe en toerustings geleenthede. Hierdie Woensdag kommunikasie in grendeltyd probeer iets hiervan weergee. Daarom ook my uitnodiging om deel te neem – stuur vir my byvoorbeeld 'n brief of inligting wat jy dink tot voordeel kan wees vir die gemeente.

Navorsing het hoeka uitgewys hoe gou mense oordonder voel deur te veel inligting en te veel kommunikasie en te veel digitale mededelinge. Daarom probeer ek nie net kommunikasies minimaliseer nie, maar ook altyd interessant en leersaam te maak en dan ook so kort as moontlik. Binnekort is die gemeente se webwerf aktief en dan gaan ons alle kommunikasie daaraan koppel. Dit beteken dat Sondag Boodskap, Nabetragting vir die week, Woensdag Brief en ander inligting soos benodig aan die webwerf gekoppel sal word.  Elkeen sal dus kan kies wat hy of sy wil hoor en lees deur die webwerf te besoek. Sodoende sal julle epos-stasies, SMS-poskantoor en WhatsApp-ruimtes nie meer volgemaak word met allerhande gemeentelike kommunikasies nie. Natuurlik sal diegene wat nie toegang het tot internet nie kan versoek op welke manier en wel ook spesifiek wat hulle wil ontvang.

Gister, 16 Junie was dit Jeugdag, of soos baie mense dit noem Klipgooidag. President Ramaphosa meen die Jeug is die oplossing vir die land; Prof Christina Landman meen die kerk lieg vir die jeug oor hul toekoms. Ja, dit is ook Jeugmaand en daar is baie perspektiewe daaroor.

Alba Bouwer skryf iewers dat as 'n kind nog klein is, kan die nagwind en die rooigras en die padda en die uil nog met hom praat. Ons moet kan glo soos kinders, sê die Groot Boek. Dit is harde woorde wat miskien beter verstaan word as mens dit omkeer: Hou asseblief op dat grootword jou doodsmoor. En die versmoring het te make met liggaam en gees. Hoor jy nog die nagwind en die rooigras en die padda en die uil as hulle met jou praat?

Elsa Joubert, wat net dae terug op ouderdom van 98 jare oorlede is, skryf in haar laaste boek *Spertyd* oor oudword dat rus bestaan in sy teenstander beweging en die een kan nie sonder die ander nie. Ook dat moeg beteken die krag het opgehou en krag weer dat moeg opgehou het. Mens wil so half inlees dat dit jeug teen ouderdom is wat teen mekaar opweeg. Het jou beweging en krag opgehou? As jy nie weet nie kyk hoeveel jy beweeg en hoe moeg jy voel.

Wilhelm Jordaan herinner in die rubriek Van Alle Kante (17 Junie 2020), wat boonste gedeeltes oor Elsa Joubert belig in 'n eie gevoel oor die Kersfees-mistiek van Jesus wat aan die kruis 'n angswekkende afstand tussen mens en God verklaar met sy woorde 'My God, my God waarom het U my verlaat', maar dan later net voor hy sterf 'n kinderlike gebed doen: 'Vader, in U hande gee ek my gees oor'.

Ons weet nie hoe oud ons sal word nie, maar ons kan besluit om voluit te leef. Ek dink die bewys van so iets sou kon weerklank in jou doodsberig – in Elsa Joubert se geval lees dit iets soos 'Geliefde mens, reisiger, denker, skrywer' onder 'n onlangse foto van haar eerder as een toe sy jonk en lewendig en meer beweeglik was.

Ek het 'n paar sieninge wêreldwyd gaan opspoor oor jeug en kindwees en oud word:

Kundiges ken hierdie beginsel: Albert Einstein het gemeen dat nie kennis nie, maar verbeelding die teken van intelligensie is; Om te wonder is die begin van wysheid, aldus Sokrates; LR Knost meen dat volwassenes moet ophou om gelukkigheid na te jaag en weer soos kinders wees wat dit beleef; Gerry Spence meen dat hy eerder ’n oop gemoed wil hê deur te wonder, eerder as een wat gesluit word deur geloof en Pablo Neruda sê dat alles ’n seremonie is in die wilde tuin van kind wees.

’n Japanese spreuk lui dat tyd bestee aan lag, is tyd bestee saam met die gode. Viktor Frankl meen dat lag die geldeenheid van hoop is. Miskien is die veelseggendste aanhaling dié van Aldous Huxley dat die geheim van die geniale is om die gees van kindskap oor te dra tot in jou ou dag. Een van die mooiste uitsprake is sekerlik die van Mary Waldrip dat ’n lag is ’n glimlag wat ontplof het.

Kate Wiggin het waarskynlik die kruks raakgeboor in haar siening dat elke kind gebore word in ’n wêreld as ’n gedagte van God wat altyd vars en vol moontlikhede is. Vince Gowman sê dat kreatiwiteit is die kuns om niks om te skakel na iets vreugdevols. CS Lewis het gemeen dat ons almal eendag oud genoeg sal wees om weer wonderverhale te lees. William Yeats het gesê die wêreld is vol wonderlike dinge wat geduldig wag vir ons sintuie om skerper te word.

Go out, go out I beg you; And taste the beauty of the wild, Behold the miracle of the earth with all the wonder of a child – gaan ’n gediggie waarvan die outeur onbekend is. Hans Christian Andersen het gesê dat om net te lewe, is nie goed genoeg nie – ons benodig sonskyn, vryheid en ’n klein blommetjie. Walt Disney het gesê dat lag tydloos is, verbeelding geen ouderdom het nie en dat drome vir altyd is. Lord Byron meen mens altyd moet lag waar jy kan want dit is goedkoop medisyne.

Die kort en die lank van alles is dat die lewe ’n spieël is waarin ons kyk – ons kry altyd die beste resultate as ons vir ’n spieël glimlag. Ek groet met glimlag wat ontplof in ’n lag omdat dit alles minder moeg en meer beweeglik maak.

Mooi loop!